



Bou ons kinders vir môre

Godsdiensonderrig 2

Lestitel: Jesus vier Heilige Nagmaal

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les “**Jesus vier Heilige Nagmaal**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jousef aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Jesus vier Heilige Nagmaal
Bybelwoord	Markus 14: 12-26; Mattheus 26: 17-30; 1 Korinthiërs 11: 23-29 en Johannes 6: 53-57
Lesdoelwit	Die kinders verstaan die betekenis van Heilige Nagmaal.

Lesopsomming:

- Jare gelede het God die Joodse volk gevra om jaarliks die pasga-maaltyd te vier ter herinnering aan hoe Hy hulle van die dood gered het. Dit word vandag nog gevier.
- Die maaltyd bestaan uit 'n lam, ongesuurde brode (brood sonder gis), 'n dip van bitter kruie en wyn.
- Hierdie maaltyd is ook gevier deur Jesus en sy twaalf dissipels.
- Tydens hierdie maaltyd het Jesus die eerste Heilige Nagmaal met elf van sy dissipels gevier. Lees Markus 14: 12-21
- Terwyl hulle besig was om te eet, het Jesus brood geneem, gedank, dit gebreek, aan die dissipels gegee en gesê: "Neem, eet, dit is my liggaam."
- Toe het Hy die beker geneem, gedank, dit aan hulle gegee en hulle het almal daaruit gedrink. En Hy het gesê: "Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word. Voorwaar Ek sê vir julle, Ek sal nooit meer van die vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wat Ek dit nuut sal drink in die koninkryk van God."
- Jesus het die Heilige Nagmaal met sy apostels begin en met die woorde "Doen dit ter herinnering aan My" het Jesus hulle die opdrag gegee om die Heilige Nagmaal te vier.
- Met verloop van tyd het die Nagmaal oorgegaan van 'n maaltyd na 'n handeling van viering en dit het 'n sakrament geword in die raamwerk van 'n godsdienst. Lees die geskiedenis op bladsy 55 van die RI 2 Werkboek.
- Die Nagmaalhostie, gemaak van meel en water, is ongesuurde brood met drie druppels wyn, en met die eerste en laaste letters van die Griekse alfabet daarop. Jesus is ons Alfa en Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

Die volgorde van gebeure tydens die Heilige Nagmaal:

- Ons sing die gesang van berou
- Ons bid die Here se gebed en vra dat God ons sondes vergewe.
- Die vryspreking word verkondig en ons ontvang vergifnis van ons sondes.
- Ons ontvang die vrede van die Opgestane Jesus - ons is nou vry van sonde en versoen met God, ons is bereid om dit wat God nie behaag nie, te verander. Deur dit alles te doen, word ons waardig om die Heilige Nagmaal te ontvang.
- Die Nagmaalhostie, brood en wyn, word geseën (geheiligh). Deur hierdie seën word die liggaam en bloed van Jesus daarin teenwoordig.
- 'n Priesterlike ampsdraer bedien dan die geheiligde hostie met die woorde: "Die liggaam en bloed van Jesus vir u gegee is." Dit is wanneer ons gemeenskap met Jesus Christus en mekaar het.
- Ons reageer met "Amen" en verklaar so dat ons glo in alles wat met die Heilige Nagmaal verband hou.



Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Die eerste Heilige Nagmaal is deur Jesus gevier saam met sy dissipels
- Met die woorde: "Doen dit ter nagedagtenis aan My", het Jesus die dissipels die opdrag gegee om die Heilige Nagmaal te vier soos Hy gedoen het.
- Die Heilige Nagmaal word gevier in elke godsdiens en is een van ons sakramente. God vergewe ons sondes.
- Ons onthou die offer van Jesus deur waardig aan die Heilige Nagmaal deel te neem.
- Heilige Nagmaal is 'n viering van vreugde, lof en danksegging.
- Ons is dankbaar dat Jesus sy lewe vir ons gegee het, sodat ons met God versoen kan word en die ewige lewe kan hê.
- Deur die Heilige Nagmaal het ons die versekering dat ons in Jesus sal bly en Hy in ons sal bly.
- Die Heilige Nagmaal verhoog die bewustheid dat Jesus dit wat Hy begin het sal voltooi en dat Hy sal terugkeer om ons te kom haal.

Doen die oefening saam met u kind.

Antwoord op oefening:

Jesus – blessed – disciples – body – cup – drink – blood – remission

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. *Waarom is die pasga-maaltyd deur die Joodse volk gevier?*

Antwoord: God het hulle gevra om die pasga te vier ter herinnering aan hoe Hy hulle van die dood gered het

2. *Wie het die Heilige Nagmaal ingestel?*

Antwoord: Jesus Christus

3. *Waarom het Jesus die Heilige Nagmaal ingestel?*

Antwoord: Hy wil hê dat ons sy offer moet onthou, sodat ons as sondears met God versoen kan word en die ewige lewe kan hê

4. *Hoe moet ons aan die Heilige Nagmaal deelneem om so die gewenste uitwerking op ons lewens te hê?*

Antwoord: Ons moet waardig daaraan deelneem

5. *Wie het die Nagmaalhostie met drie druppels wyn ingestel en wanneer het dit gebeur?*

Antwoord: Stamapostel Niehaus in 1917

6. *Waarna verwys die eerste en laaste letter van die Griekse alfabet op die hostie?*

Antwoord: Jesus is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste



'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen